Die Nylrivier

Onthou jy die Bybelverhaal van Moses se mamma wat hom in ’n mandjie tussen die riete van die rivier weggesteek het? Of toe die **farao** nie die Israeliete uit Egipte wou laat trek nie en God vir Moses gesê het om met sy staf op die water te slaan om dit in bloed te verander? Die visse het gevrek, en die water het gestink. Dit het alles by die **Nylrivier** gebeur!

Ligging

Die Nylrivier vloei van suid na noord deur Oos-Afrika. Dit begin in die riviere wat in die Victoriameer vloei (geleë in die hedendaagse Uganda, Tanzanië en Kenia) en mond uit in die Middellandse See, amper 6 700 kilometer noord, wat dit een van die langste riviere in die wêreld maak. Die Nyl word al vir ’n geruime tyd as die langste rivier in die wêreld erken, maar sommige wetenskaplikes voer aan dat die Amasonerivier in Suid-Amerika langer is. Die Nylrivier staan as die vader van Afrika se riviere bekend en het ’n kritieke rol in die ontwikkeling van Antieke Egipte gespeel. [1]

Egipte staan as die “geskenk van die Nyl” bekend, want as dit nie vir dié rivier was nie, sou mense glad nie in die Sahara-woestyn ’n lewe kon maak nie. [2] 22% van die Nylrivier loop deur Egipte. Benewens Egipte loop die Nyl deur of langs die grens van elf ander lande, naamlik Eritrea, Burundi, Tanzanië, Rwanda, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Kenia, Uganda, Soedan, Ethiopië en Suid-Soedan. Die rivier se twee hoofvertakkings is onderskeidelik die Wit Nyl en die Blou Nyl. [3]

Herkoms van die naam

Die naam *Nyl* kom van die Griekse woord “neilos”, wat ‘riviervallei’ beteken. Die Antieke Egiptenare het die rivier “Ar” of “Aur” (‘swart’) genoem, vanweë die kleur van die **sediment** wat oorgebly het ná die jaarlikse oorstroming van die rivier. [4]

Die grond van die Nylrivier**delta** tussen El Qâhira (Kaïro) en die Middellandse See is ryk aan voedingstowwe as gevolg van die groot hoeveelheid slik (‘papperige modder’) wat die Nyl agterlaat as dit in die see vloei. Die oewer van die Nyl bevat ook baie vrugbare grond, danksy die jaarlikse oorstromings wat vroeër jare in Augustus plaasgevind het. Uit die ruimte kan jy die groot verskil (kontras) tussen die lowergroen rivieroewers van die Nyl en die dorre woestyn waardeur dit vloei, duidelik sien.

Ontwikkeling

Vandat die Aswandam in 1970 gebou is, oorstroom die Nyl nie meer elke jaar nie. Hierdie groot dam beheer die vloei van die rivier om elektrisiteit op te wek, plase te besproei en om huise van drinkwater te voorsien. Baie van Egipte se kos word reeds vir duisende jare in die Nyldeltastreek **verbou**. Antieke Egiptenare het **besproeiingsmetodes** ontwikkel om die hoeveelheid grond wat hulle vir gewasse kon gebruik, te vergroot en ’n vinnig groeiende bevolking te ondersteun. Bone, katoen en koring was belangrike en volop **gewasse** wat maklik gestoor en verhandel kon word.

Die Nylrivierdelta was ook ’n **ideale** plek vir die papirusplant om te groei. Antieke Egiptenare het die papirusplant op baie maniere gebruik, soos om lap en tou te maak, maar verreweg die belangrikste gebruik daarvan was om papier te maak. Die rivier het baie boumateriaal vir die Egiptenare voorsien. Hulle het die modder van die **rivieroewers** gebruik om stene wat in die son gedroog is, te maak. Hierdie stene is gebruik om huise, mure en ander geboue te bou. Die Egiptenare het ook **kalksteen** en sandsteen uit die heuwels aan die kant van die Nyl gekap. [5]

Behalwe dat hulle die natuurlike hulpbronne van die rivier vir hulself gebruik het en dit met ander geruil het, het die vroeë Egiptenare die rivier ook gebruik om te bad, die water te drink, asook vir ontspannings- en vervoerdoeleindes. [6]

Tans woon 95% van die inwoners van Egipte binne ’n paar kilometer van die Nyl af. Kanale vervoer die water uit die Nyl om plase te besproei en stede van water te voorsien. Die Nyl is verskriklik belangrik vir landbou en visvang en is ook ’n noodsaaklike manier om mense en goedere te vervoer. Talle inwoners van Kaïro gebruik vinnige bote, watertaxi’s of veerbote om die besige strate te vermy. Die Nylrivier is vandag steeds ’n belangrike handelsroete wat Afrika met markte in en buite Europa verbind.

Die Nylrivier is nie net belangrik vir mense nie, die rivier en sy oewers huisves ook ’n ryk natuurlewe met meer as 100 dierespesies – insluitende verskillende soorte visse en voëls, asook skilpaaie, slange, seekoeie en een van die grootste reptiele op ons planeet, die Nyl-krokodil! Voëlliefhebbers sal meer as 300 soorte voëls op die Nylrivieroewer aantref.

Woordbank

farao	Titel van die ou Egiptiese konings.
verbou	Gegroei.
besproeiingsmetodes	Stelsels waardeur water afgelei word en voorsien word aan verskillende gedeeltes, soos in ’n tuin of landerye.
rivieroewers	Rivierwalle.
sediment	Afsaksel uit ‘n vloeistof; droesem; besinksel.
ideale	Iets wat volmaak is en nie foute het nie.
delta	Driehoekige stuk land wat deur sedimentasie in die mond van ’n rivier gevorm word.
kalksteen	Die klip waaruit kalk gebrand word.

gewasse	Bepaalde soort plant, veral in die landbou, soos mielies en koring.